**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy DRIE vrae kies.

3. Beantwoord slegs DRIE van die vier vrae.

4. Elke vraag tel 50 punte.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 1**

1.1 Lees die paragraaf hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Verskillende godsdienste beskou die rol om hul volgelinge te lei en te ondersteun as 'n groot verantwoordelikheid. Daar word egter van die volgelinge verwag om sekere norme en standaarde na te kom sodat hulle betekenisvolle interaksie en spirituele voordeel uit hul onderskeie godsdienste kry. Dit is dus noodsaaklik dat die volgelinge na hul spesifieke godsdiens se normatiewe bronne terugkeer om antwoorde op hul geloofsreis te vind.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies,* Steyn et al. bl. 44]

Na aanleiding van die paragraaf hierbo, beskryf die rol van die volgende in enige EEN godsdiens:

1.1.1 Inspirasie (10)

1.1.2 Mondelinge tradisie (10)

1.1.3 Heilige geskrifte (10)

1.2

> Godsdiens is nie die bron van die verdrukking nie: dit is eerder die *misinterpretasie* van godsdienste se normatiewe bronne wat tot die verdrukking van vroue lei.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn et al. bl. 44]

Pas die hermeneutiese interpretasie van die godsdienstige leringe van ENIGE EEN godsdiens toe en bespreek die stelling hierbo oor die verdrukking van vroue. (20)

**[50]**

**VRAAG 2**

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Berigte op televisie, radio en in koerante toon 'n toename in seksuele geweld en ander vorme van geweld. Die berigte sluit gevalle in waar oumas deur jeugdiges wat jonk genoeg is om hul kleinkinders te wees, verkrag is.
>
> [Bron: www.genderjustice.com]

2.1 Gee moontlike redes waarom seksuele geweld onder die jeug so algemeen is. (20)

2.2 Stel strategieë voor wat godsdienstige gemeenskappe kan gebruik om hierdie sosiale probleem op te los. (10)

2.3 Skryf TIEN punte neer uit verskillende godsdienstige leringe wat jy dink die probleem van seksuele geweld kan oplos. (20)

**[50]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Baie mense het voorspel dat Darwin se idees oor die ewolusie van spesies die einde van godsdiens sou beteken. Alhoewel sy teorie groot verdeling in baie godsdienstige gemeenskappe veroorsaak het, het die teorie nie godsdienstige sieninge vervang nie.
>
> [Aangepas uit *Focus on Religion Studies*, Donne en Harbour, bl. 99]

Na aanleiding van die stelling hierbo, bespreek die reaksie van die volgende godsdienste op die ewolusieleer:

3.1 Boeddhisme (10)
3.2 Afrika Tradisionele Godsdiens (10)
3.3 Judaïsme (10)
3.4 Islam (10)
3.5 Christendom (10)
**[50]**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die 'Wêreldparlement van Godsdienste' word verskillende name gegee, insluitend die Parlement van die Wêreld se Godsdienste en die Wêreld se Parlement van Godsdienste. Hierdie vergaderings is nie verkose byeenkomste van wetgewers nie. Die Parlemente word ook beperk tot die uitreik van sterk waarskuwings, maar het geen werklike magte om wette te maak nie.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies*, Steyn et al. bl. 29]

4.1 Bespreek die geskiedenis en die werk van die Wêreldparlement van Godsdienste. (20)

4.2 Evalueer die huidige status van intergodsdienstige dialoog in die internasionale gemeenskap krities. (20)

4.3 Bespreek die bydrae van enige multigodsdienstige organisasie om godsdienstige harmonie te bewerkstellig. (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**


Downloaded from eduresourceza.com